# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie



Die volgende GrietGriet sal in Junie 2018 gepubliseer word.

*GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer the English version.*




Die Visekanselier & Rektor, Prof De la Rey saam Huisouers (Andre & Yolanda Jordaan) voor die visie-muur



Primarias van links na regs: : Christel Muller (2016), Eliz-Mari Vermeulen (2010), Esbé du Toit (2012), Elmien van Staden (2013), Laila Ncwana (2009), Michelle van Coller (2014) and Dalree de Lange (2017)

Maart 2018
Volume 27

## VISIE, WAARDES EN LEWENSLUS

Een van die aspekte wat Magrietjie 'n baie spesiale woning maak is die deurlopende groei om te streef na beter - met die verstandhouding dat groei ook verandering teweegbring. Op 31 Julie 2017 is daar tydens 'n spesiale huisvergadering gewys hoe Magrietjie oor die afgelope dekade gegroei het, toe die koshuiswaardes, visie en opgedateerde huislied onthul is. Teenwoordig by die geleentheid was 6 vorige Primarias, waarvan elkeen instrumenteel was tot die groei van Magrietjie: Laila Ncwana (2009), Eliz-Mari Prinsloo – née Vermeulen (2010), Esbé van Zyl – née Du Toit (2012), Elmien Steyn – née Van Staden (2013), Michelle Kruger - née Van Coller (2014) en Christel Muller (2015). Die Magrietjie waardeprojek is reeds in 2012 begin en elke Primaria het die geleentheid gehad om een van die waardeplakkate te onthul. Die uniek-ontwerpte waardes word tentoon gestel op Perspex en tans uitgestal in die ontspanningsaal. Die moontlikheid bestaan dat van ons alumni hul eie hande op die plakkate sal herken en die groot fotoprojek onthou toe dit 'n paar jaar gelede geneem is (sien fotos onder). 'n Opname in 2014 het die belangrikste woorde wat met Magrietjie geassosieer word geidentifiseer. Na heelwat beplanning, skrywe en herskrywe is hierdie visieverklaring uitgereik en dit word tans uitgestal agter in die ontspanningslokaal (sien foto aan die linkerkant).

Ons nuwe opgedateerde huislied is ook vrygestel nadat daar in 2016 besluit is dat die huislied slegs in Engels sal wees ten einde alle taalgroepe in te sluit (sien detail op die laaste bladsy van die nuusbrief). Met die aankoms vir die spesiale huisvergadering in die ontspanningslokaal, het elke lid 'n afdruk van die nuwe huislied ontvang, asook 'n lekkergoed met die woorde: "I love Mags" op gedruk. Die huisvergadering was baie spesiaal gemaak met teenwoordigheid van UP se Visekanselier en Rektor, Prof De la Rey. Sy was baie beïndruk met die strategiese ontwikkeling van Magrietjie. Fearika Heyns – née Botha, ontwerper van MaerGrietjie in 1982, en haar dogter, Willemien Rust - née Heyns, was ook albei teenwoordig en is hartlik bedank vir hul hulp met die huislied. Ander alumni teenwoordigers was onder andere Stef Senke (Vise-Prim 2012) en Rudy Kekana (née Bopape – HK 2009) wat ook gehelp het met die huislied. Ons nooi alle alumni om 'n draai te kom maak by ons ontspanningslokaal om die visie- en waardesplakkate te besigtig.




## Huisdinee onder die sterre

Die huisdinee is gehou op 16 September onder die sterre by ons Pienk Paleis waar alle spanning weggedans is. Die grasperk was versier volgens die tema: 'n nag onder die sterre. Met 'n heerlike ete, pragtige musiek en spesiale dekor was hierdie aand 'n reuse sukses. Ons inwoners het opgedaag in pragtige rokke - van ou Hollywood sjarme tot Boho sjiek. Die dames het wel deeglik hul innerlike skoonheid laat uitstraal. Die sementblad is verander in 'n dansbaan en glo my - die dansbaan was nooit stil nie. Daar is rondgeskommel, laaggedraai en selfs stadig gedans op die maat van die musiek. Die aand is afgesluit met heerlike creme-brûlée nagereg en die tradisionele 'Ma-ma-ma-Magrietjie!'
Dit was voorwaar 'n aand om te onthou.
*Geskryf deur: Carli Botha*



## Hallo Spikkels van 2018!

Ons het op 27 Januarie 2018 ons nuwe Spikkels verwelkom en daar is met die amptelike Welkomweekprogram begin. Die blinkoog Spikkels was gereed vir die avontuur van 'n leeftyd. Hul het die nuwe groet, liedjies en die beroemde Huppel geleer. Daar was ook massa-afsprake met verskeie mans en dames koshuise gedurende hierdie week. Die hoogtepunt van die week was die Spikkels se debuut met die Mags 1nSync optrede. Magrietjie wens die Spikkels and Dimakatso Molepo (Eksterne Kultuur HK) geluk met hul derde plek - ons is baie trots op hul vertoning! Die finale seremonie is gehou aan die einde van die week waar die Spikkels 'n terugblik gekry het oor die week se hoogtepunte asook die geleentheid om die seniors van Magrietjie te ontmoet en te groet.








## Stellies Toer 2017

Tydens die Oktober vakansie het 46 Magrietjie dames die voorreg gehad om deel te wees van die Stellenbosch toer. Ilke Lategan, Kultuur Interne HK-lid 2017 vertel: Ons het in die sentrale deel van Stellenbosch gebly en van daar verskeie avonture aangepak. Ons eerste aktiwiteit was die Route 44 Mark. Dit was 'n heelike sonskyndag, perfek vir aarbeie pluk en teug aan vonkelwyn, veral met die omringende berge en pragtige uitsig. Ons het besoeke gebring aan Fleur de Cap Bergkelder, Spier Wynlandgoed & Fairview Kaas & Wynlandgoed in die Paarl omgewing. Een van die hoogtepunte was ons besoek aan die Speseryroete wat wyn- en bierproe ingesluit het. Suid-Afrikaanse sjokolade-, tuisgemaakte roomys-proe en 'n besoek aan 'n pizzeria, asook 'n asemrowende uitsig was ander hoogtepunte. Tydens vryetyd kon ons ronddwaal in kunsstrate en die lewendige atmosfeer van Stellenbosch geniet in koffiewinkeltjies terwyl ons aan heerlike kaaskoek gesmul het. Dit was 'n week wat gevul was met baie avonture. Die Kaap het ons harte verower en ons sou graag weer terugkeer in die nabye toekoms.

## 1nSync 2018

Min mense is bewus van die harde werk wat in die beplanning van 'n sing-en-dans produksie gedoen word, en sommige vind dit eers uit as hul so iets moet reël. Eksterne Kultuur HK, Dimakatso Molepo vertel: 1nSync2018 was een van die eerste uitdagings, of eerder avonture wat ek as Eksterne Kultuur HK-lid moes aanpak. Ek kan skaars onthou hoeveel kere ek tydens die oefeninge na die Spikkels gekyk het en gedink het dis waar ekself 365 dae gelede was. 1nSync is veel meer as net die uitdink van 'n tema en van danspassies vir cool musiek. Dit behels ook 'n verstaan van eerstejaar wees, die skep van herinneringe waarna hul ook eendag sal kan terugkyk. Dis ook die koestering van die oomblikke waar hul vir 10minute op hul hurke moes wees net omdat die "dakkie" oor en oor geoefen moet word. Hierdie week sou 'n baie groter berg wees wat oorgesteek moes word, sou dit nie vir my A-Span gewees het nie. Ek was omring deur dames met energie wat gewillig was om telkens die verskil tussen 'n 'oop' hand en 'n 'toe' hand vir die soveelste keer te verduidelik. Ek kan onomwonde sê dat ons beplande doel met die Spikkels bereik is, wen of verloor, ten spyte van vergeet om te eet, rekenaarprobleme, en dies meer. Uiteindelik het ons ons gate uit geniet!



## UIT DIE SKATKIS...

①

**Alumnus Marica Groenewald het onlangs vir ons geskryf oor die 'pienk Magrietjie trui':**

"Ek woon in die Kaap provinsie en het byna-byna my karretjie omgekeer in my verbasing oor wat langs die pad was! Dit was 'n Rasta man met 'n 2003 Magrietjie pienk feesjaar trui. Daardie truie was absoluut pragtig en uitstaande. Ek het haastig parkeer en naarstigtelik na die man gesoek, maar heellaas! Dit het my laat wonder of die Magrietjie seniors nog steeds die ligte pienk truie dra? Geniet hierdie wonderlike koshuis!

②

**Alumni wat die bekendstelling van Magrietjie waardes bygewoon het lewer die volgende kommentaar (vertaal):**

**Laila Ncwana:** "Dit was 'n wonderlike ervaring om vanaand weer terug te kon wees in Mags; 'n besondere voorreg! Ek is werklik trots op al die werk en vordering wat gemaak is sedert ons weg is; waar die warm en energieke gees nog steeds uitgestraal word. Ek is ook van mening dat die regering 'n paar dinge sal kan leer uit ons nederige koshuis. Ek is werklik diep geinspireer."

**Rudy Bopape:** "Tydens my onlangse besoek aan Mags het ek besef hoe baie dinge nog dieselfde gebly het na al die tyd wat verby is. Magrietjie het ons lewens aangeraak op baie positiewe maniere, en ek is seker ek kan namens baie ander oud-Mags lede praat. Ek was en is nog steeds nederig dankbaar daarvoor. Ek sal beslis kontak hou. "

**Hierdie uitgawe van GrietGriet was saamgestel deur die redaktrise, Odélia Crozier.**



**Sluit asseblief aan by die Magrietjie Alumni Facebook groep.**
**Volg ons ook op Twitter & Instagram @MagrietjieRES & @instagrietjie**

## Opgegradeerde Huislied

Soos vroeër genoem, is daar besluit om 'n huislied slegs in Engels te hê, in plaas van die vorige Afrikaans/Engels/Sepedi weergawe. Hierdie besluit is gegrond op die beginsel dat die gebruik van Engels almal sal insluit, aangesien dit die gemeenskaplike taal van al 330 Magrietjie inwoners is. Ons is baie trots op ons nuwe huislied wat op dieselfde melodie as die afgelope 35 jaar gesing word.

*House Magrietjie, we celebrate your lovely name*
*You add colour to our lives, and bring sunshine to our days*
*You make friendships true and strong, we feel like we belong*
*In you, a real home for our hearts*

*Magrietjie's colour paints the campus pink*
*Magrietjie's huppel echoes in the wind*
*Our hearts are filled with passion; we feel it in our blood*
*And this is our song for House Magrietjie*

*Each one of use is different, but in one way the same*
*We share our pride in the pink flower with the pretty name*
*In our home away from home, we form a sisterhood*
*Becoming the best that we can be*

*Magrietjie's colour paints the campus pink*
*Magrietjie's huppel echoes in the wind*
*Our hearts are filled with passion; we feel it in our blood*
*In you we are strong; We sing all day long; And this is our song for House Magrietjie*

## Boodskap van die 2018 Primaria

Dit voel soos gister toe ek vir my HK die "pink sparkle" (voorheen bekend as "knikkel en skitter") gedoen het terwyl ek my pienk huishemp gedra het met my driekwart swart broek. Nou, 'n paar jaar later het ek die wonderlike geleentheid om die Primaria van hierdie top koshuis te wees. My tyd hier in Magrietjie het my baie geleer - nie net van myself nie, maar van ander mense en hul opinies. Dit was 'n regte "eye-opener" toe ek sien ek is nou in 'n omgewing waar mense ander idees en opinies het en ek nie net meer in my eie klein wêreld funksioneer nie. Nie net het my opinies verander nie, maar ek het ook as mens verander – en hopelik verbeter! Ek het meer van 'n vrou geword en geleer hoe om onafhanklik te wees, maar meer belangrik, om meer seker van myself te wees. Omdat ek so 'n groeityd in Magrietjie ervaar het, wil ek dit vir elke dame gee wat deur Mags se pienk deure stap. My visie vir 2018 is die waarde van "eienaarskap". Vir my rus eienaarskap op 3 pilare: eerstens eienaarskap van Magrietjie. Dit is ons huis en ons moet haar waardeer. Tweedens, die eienaarskap van jou individualiteit. Ons is elkeen anders en ons moet dit en mekaar respekteer en die beste word wat ons kan! Laastens is eienaarskap van jou vrouwees. Hierdie pilaar, die belangrikste, want ons lewe in so 'n opwindende tyd as vroue, waar ons stem tel en ons ons eie opinies het en die beste van alles is, is dat ons mekaar het! Ek is so opgewonde om te sien wat gaan in Magrietjie gebeur tydens my termyn. Ek hoop ek maak die huis trots en dat ek Magrietjie na beter hoogtes sal lei, want nie net kan ons die beste wen nie maar ons kan die beste WEES.



Pienk Liefde
Libby Tillema

Indien jy enige nuus het om te deel, kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za
Ons sien uit om van jou te hoor!